



GOEWERMENSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

No. R. 1244

22 September 2003

WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000

REGULASIES BETREFFENDE DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING

GEWYSIGDE REGULASIES

Die Minister vir Justisie en Staatkundige Ontwikkeling het kragtens artikel 92 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies beteken “die Regulasies” die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 187 van 15 Februarie 2002.

Vervanging van regulasie 4(1) van die Regulasies

2. Regulasie 4(1) van die regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

“Besikbaarheid van handleiding: Openbare liggaam

4.(1) Onmiddelik nadat die handleiding ingevolge artikel 14(1) van die Wet opgestel of ingevolge artikel 14(2) van die Wet bygewerk is -

- (a) moet die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam -
 - (i) 'n eksemplaar van die handleiding in elk van die drie amptelike tale waarin dit opgestel is, beskikbaar stel aan -
 - (aa) die Menseregtekommissie; en
 - (bb) elke kantoor van daardie openbare liggaam; en
 - (ii) die handleiding op die webruimte, as daar een is, van die openbare liggaam beskikbaar stel; en
- (b) kan die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam die handleiding in drie amptelike tale in die *Staatskoerant* publiseer.”.

Vervanging van regulasie 9 van die Regulasies

“Besikbaarheid van handleiding: Privaatliggaam

9.(1) Ommiddeliek na die handleiding ingevolge artikel 51(1) van die Wet opgestel of ingevolge artikel 51(2) van die Wet bygewerk is -

- (a) moet, die hoof van 'n privaatliggaam -
 - (i) 'n eksemplaar van die handleiding beskikbaar stel aan -
 - (aa) die Menseregtekommissie;
 - (bb) die beheerliggaam waarvan daardie privaatliggaam lid is, indien van toepassing; en
 - (ii) die handleiding op die webruimte, as daar een is, van die privaatliggaam beskikbaar stel; en
- (b) kan die hoof van die privaatliggaam die die handleiding in die *Staatskoerant* publiseer.

(2) Die hoof van 'n privaatliggaam -

- (a) moet, gedurende kantoorure en op versoek, 'n eksemplaar van die handleiding vir die publiek ter insae beskikbaar stel;
- (b) mag nie geld vra vir 'n publieke insae bedoel in paragraaf (a) nie; en
- (c) mag ten opsigte van 'n eksemplaar van die handleiding of 'n deel daarvan wat op 'n ander wyse beskikbaar gestel word as dié beoog in paragraaf (a), die geld vra wat by Item 1 van Deel III van Aanhangsel A voorgeskryf word asook die werklike posgeld wanneer 'n afskrif van die handleiding gepos moet word.”.